

IRS Kriminele Ondersoeke en SARS span kragte saam in die bekamping van internasionale misdaad

WASHINGTON & PRETORIA - Die binnelandse inkomstediens van die Verenigde State van Amerika se kriminele ondersoekafdeling (IRS-CI) en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens se wetstoepassingsafdeling (SARS-CI) span kragte saam om belasting- en ekonomiese misdaad in beide lande te bekamp.

Die IRS-CI en die SARS-CI werk saam om kriminele, met verbintenis in albei lande, te identifiseer, te ondersoek en te vervolg. Van die misdade wat ondersoek word sluit in internasionale openbare korrupsie, kuberbedrog en geldwassery. Die nuutgevormde vennootskap het reeds ontluikende skemas ontmasker wat deur promotors, professionele bemagtigers en finansiële instansies bedryf word.

"Die wêreldwye stryd teen finansiële misdaad, is nie 'n stryd wat deur enige land alleen aangepak kan word nie. Ons vennootskap met die Suid-Afrikaanse Inkomstediens sal binnekort bedryfsresultate oplewer wat moontlik gemaak is deur ons sterk alliansie en gesamentlike pogings," het Guy Ficco, IRS-CI se direkteur van wêreldwye bedrywighe, gesê. "Belastingpligtiges en belastingberoepsmense wat oorsese en ander gesofistikeerde skemas gebruik om die V.S.A. en Suid-Afrika se wette te ontduik sal ontmasker en vervolg word ingevolge die volle mag van die gereg."

"SARS verwelkom die samewerking met die IRS, veral met ons hernude fokus op nienakomende hoënettowaarde-individue en oorsese eiendomme. Een van ons strategiese oogmerke, is om dit vir belastingpligtiges maklik te maak om hul belastingverpligtinge na te kom en dit moeilik en duur te maak vir diegene wat opsetlik versuim," het SARS se kommissaris Edward Kieswetter gesê. "Ons vertrou dat hierdie vennootskap vrugte sal afwerp, ook ten opsigte van die uitbreiding van ons eie interne vaardighede, terwyl ons kragtig optree teen onwettige bedrywighe wat beide ons lande affekteer."

'n Groot aspek van die samewerkende poging tussen die twee lande, sluit in 'n voortgesette opleidingsinisiatief wat deur die IRS-CI gelei word. Die Amerikaanse belastingagentskap deel gedurig finansiële ondersoektegnieke, lei Suid-Afrikaanse wetstoepassers en regeringsbeamptes op en lig bemiddelde internasionale gevallestudies uit wat op beide lande van toepassing is.

Vroeër vandeemaand, het die IRS-CI 'n buitelandse belastingontduikingopleidingswebinaar aan sowat 40 SARS-wetstoepassende beamptes gelewer. Die opleiding het 'n ingewikkelde

piramideskema uitgebeeld met klem op skokkende vlakke van geldgierigheid, bedrieglikheid en gruwelike gekoördineerde pogings wat deur ondernemings georkestreer word. Die opleiding het vele areas van transnasionale finansiële misdade geïnkorporeer, wat spesifiek is tot bankskemas, belastingontduiking en sameswering.